

Maandag 29 Maart

Skrifgedeelte: Levitikus 26:1-13

Fokusgedeelte: Levitikus 26:13
(1983-vertaling)

God vra gehoorsaamheid uit dankbaarheid vir sy verlossing

Baie mense dink dat die manier van verlossing in die Ou Testament radikaal verskil het van dié in die Nuwe Testament in die opsig dat jy jou saligheid self moes verdien in die bedeling voor Christus. Die vorige bedeling was op selfredding gegrond en die nuwe bedeling op redding uit genade, dink hulle. Hulle glo in die tyd van die Ou Testament kon jy jou redding verdien deur die gebooie van God te gehoorsaam, maar in die Nuwe-Testamentiese bedeling vertrou jy op Christus wat die gebooie in jou plek volmaak nagekom het.

Hulle is natuurlik reg oor die huidige bedeling, dat ons deur genade alleen, deur Christus alleen gered word. Maar selfs in die ou bedeling was dit al so dat jy deur genade alleen, dit beteken deur Christus alleen, gered kon word. God het nie die Tien Gebooie gegee as 'n voorwaarde van redding nie, maar as 'n dankbare manier van lewe van mense wat klaar deur Hom uit genade alleen gered is. In Eksodus 20:2, waar God die Tien Gebooie aan die volk gee, herinner God immers sy volk eers daaraan dat Hy hulle uit Egipte verlos het, en dan gee Hy sy gebooie, die manier van lewe van mense wat dankbaar is vir sy verlossing uit genade.

Ons sien dit ook in Levitikus 26. God gee sy gebooie en Hy spel ook die seën duidelik uit vir dié wat sy gebooie gehoorsaam. En net wanneer die volk dink dat hulle al hierdie goed moet doen om gered te word, dan hoor hulle die evangelie in vers 13: "Ek is die Here julle God wat julle uit Egipte laat trek het sodat julle nie meer sy slawe hoef te wees nie. Ek het die juk wat julle moes dra, gebreek en julle vry gemaak." Redding is dus altyd uit genade alleen en ware gehoorsaamheid is altyd uit dankbaarheid vir God se verlossing!

Sing: Psalm 128-1:1, 3

Dr. HPM van Rhyn (Malan) (Pretoria-Noord)